# Die Matie

**1983-VERKIESINGS UITGAWE**
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXXIV, Nr. 10

VRYDAG, 26 AUGUSTUS 1983



Pectora roborant cultus recti

CARNEGIE BIBLIOTEEK UNIVERSITEIT STELLENBOSCH 1983 CARNEGIE LIBRARY UNIVERSITY OF STELLENBOSCH


## *Só lyk die kandidate*



DIT is die kandidate wat hulself verkiesbaar gestel het vir die SR-verkiesing wat Dinsdagaand in die Gat plaasvind. V.l.n.r. is hulle voor: Christo van Heerden, Vonnie Mostert, Anneke Oosthuizen en Niël van der Merwe. Tweede ry: Ted Scott, Annami Oosthuizen, Lisbé Vos en Chris Jones. Derde ry: Le Roux van der Westhuizen, Nico Wilkens, Nicholas Myburgh, Francois Sieberhagen en Helmut Pool. Vierde ry (agter): Werner Obermeyer, Gert Barnard, Johan Schoonraad en Karin Strydom.

## *SU moet ook kom deelneem*

deur **CHRIS DU PLESSIS** (stembus konvenor)

DEUR deel te neem aan die sirkus en dit by te woon kry die gewone student die geleentheid om ook deel te neem aan die verkiesingsproses van hul Studenteraad. My wens is dan dat die Studente-unie in groot getalle daarvan gebruik sal maak.

Die Studenteparlement van sestig lede is reeds verkies en nog net die SR-verkiesing vir die volgende termyn moet afgehandel word.

Die eerste amptelike vergadering van die SP is op 17 Augustus gehou. Die kandidate wat vir die orige agt buitengewone posisies gestaan het, is deeglik getoets. Die persone wat verkies is (met die aantal stemme op hul verenig in hakies) is as volg:

Chris Jones (37), Annami Oosthuizen (34), Lisbé Vos (33), Christo van Heerden (31), Eddie Albertyn (29), Niël van der Merwe (27), Vonnie Mostert (25) en Ted Scott (21).

Tydens die vergadering is Dereck de Villiers as ondervoorsitter en Marieke van der Walt as sekretaresse van die SP verkies.

Voor die verkiesing Dinsdagaand sal lede van die Studente-unie en SP vrae aan die kandidate kan stel. Direk na afloop van die vergadering sal die SP die SR kies. Die uitslag sal onmiddellik bekend gemaak word.

**SIRKUS**
**Dinsdag**
**30 Augustus**
**19h30**
**GAT**

**Doel: om lede van die Studenteunie en SP geleentheid te gee om vrae te stel aan SR-kandidate.**

## HULLE STAAN

Gert Barnard (Pieke), Nicholas Myburgh (Libertas), Werner Obermeyer (Aurora), Anneke Oosthuizen (Harmonie), Helmut Pool (Eendrag), Johan Schoonraad (Helshoogte), Francois Sieberhagen (Oude Molen), Karin Strydom (Huis de Villiers), Le Roux van der Westhuizen (Wilgenhog) en Nico Wilkens (Eendrag).

Die buitengewone SP-lede wat benoem is vir SR is: Chris Jones, Vonnie Mostert, Annami Oosthuizen, Ted Scott, Niël van der Merwe, Christo van Heerden en Lisbé Vos.

U kan binne in meer besonderhede oor bogenoemde kandidate lees.



DIT is die stembuskomitee wat die SR-verkiesing Dinsdagand gaan hanteer. Hulle reël onder andere ook 'n geselligheid vir die kandidate na afloop van die verkiesing. Hulle is v.l.n.r. Marlow Baden, Elsabé Engelbrecht, Chris du Plessis (agter) en Johan Smit.

VERKIESING

# SR-lede moet druk kan vat

deur
**DEON ROSSOUW**

OM in Stellenbosch se Studenteraad te dien is 'n besondere voorreg, maar ook 'n besondere verantwoordelikheid. Die druk en spanning waaronder daar gewerk word, kry 'n mens op min ander universiteitskampusse. Stellenbosch se Studenteraad is besonder klein. Veertien SR-lede vir 'n kampus met 12 000 studente is min. Stellenbosch se SR is kleiner as die meeste ander studenterade van Afrikaanse en Engelse kampusse. Die werkslas van Stellenbosch se SR is daarom buitengewoon groot. Dit plaas baie druk op elke SR-lid en vra van elke lid om maksimaal te presteer.

Die nuwe stelsel met sy dubbele siftingsproses waardeur 'n SR-kandidaat moet gaan, het gedurende die afgelope twee termyne baie goeie resultate gelewer. Die prestasie wat gelewer word, staan vêr uit bo dié van die voorafgaande jare. Finansiële tekorte is onder meer omskep in finansiële surplusse.

**"Die prestasie wat gelewer word, staan vêr uit bo die van die voorafgaande jare."**

Wanneer u dan nou hierdie verkiesingsuitgawe in die hand het, is u medeverantwoordelik om toe te sien dat 'n SR gekies word, wat beantwoord aan die besondere eise wat Stellenbosch stel.

Ten einde 'n verantwoordelike keuse te maak, moet daar duidelikheid wees oor die rol wat die SR-lid moet speel. Eerstens moet hy sekere administratiewe pligte vervul. Hieronder tel die organisering van Sangfees, Intervarsity, Leierskapsontwikkeling of Interuniversitêre skakeling.

**"Hy moet eerder beskik oor 'n aantal basiese vaardighede."**

Tweedens moet die SR-lid ook die universiteit na buite verteenwoordig. Dit gebeur tydens die jaarlikse SR-toer, asook tydens besoeke aan 'n verskeidenheid van instansies of wanneer buitelandse besoekers Stellenbosch besoek en met die studenteleiers wil praat.

**"Ten einde 'n verantwoordelike keuse te maak, moet daar duidelik wees oor die rol wat die SR-lid moet speel."**

Die kriterium wat neergelê word by die verkiesing van 'n SR-lid moet ooreenstem met sy taak soos hierbo uiteengesit. Dit is nie 'n lang ondervindingslys wat van 'n persoon 'n geskikte SR-kandidaat maak nie. Ondervinding is natuurlik altyd waardevol en getuig van 'n sekere leerskool waardeur 'n persoon reeds beweeg het, maar dit is nie die belangrikste toets wat 'n persoon moet slaag nie. Hy moet eerder beskik oor 'n aantal basiese vaardighede wat hom kan help in die situasie waarin hy as SR-lid geplaas word. Ek meen dat daar veral vyf sulke vaardighede is waaroor 'n SR-lid moet beskik.

**"Dit is nie 'n lang ondervindingslys wat van 'n persoon 'n geskikte SR-kandidaat maak nie."**

**". . . moet die SR-lid ook die Universiteit na buite verteenwoordig."**

- Hy moet besliste organisatoriese vaardighede hê.
- Hy moet spanning kan hanteer.
- Hy moet 'n groep mense sinvol kan hanteer en veral hulle kan motiveer.
- Hy moet in staat wees om dit, waarvan hy oortuig is, effektief te kan oordra aan ander.
- Hy moet oor 'n billike, maar kritiese oordeelsvermoë beskik.

Gaan met hierdie paar gedagtes in die agterkop na die verkiesingsvergadering van 30 Augustus en toets die SR-kandidate deeglik. Onthou elke student is welkom om vrae te kom stel aan die kandidate.



DEON ROSSOUW - SR-voorsitter 1983.

## Vir SU en SP




STUDENTE-UNIE, jy kan vrae vra met jou stem en SP, jy kan stem en vra! So dóén dit!

# ...Kandidate... Kandidate...

## Gert Barnard



**VOORSTELLER:**
Niël van der Merwe

**SEKONDANTE:**
Eddie Albertyn, C.F. Sieberhagen, Arnold Smit, Ted Scott, Nicholas G. Myburgh en Herman Marais.

**ONDERVINDING:**
1978—1983:
Organiseerder Kategetiese onderrig by Moedergemeente
1978:
Assistent-sekretaris Admissiebondbestuur
1979
Diaken NG-Moedergemeente
Sekretaris Admissiebondbestuur
1980:
Voorsitter Diakoniebestuur
Voorsitter Admissiebondbestuur
1981:
Voorsitter Diakoniebestuur
Voorsitter B.Th.I-klaskomitee
Lid TSSR (Teologiese S.R.)
Lid Studente-oorlegkomitee
Sekretaris Pieke-HK
1982:
Voorsitter Diakoniebestuur
Voorsitter B.Th.II-klaskomitee
Onder-voorsitter TSSR
Lid Studente-oorlegkomitee
Lid LSS-komitee
Lid Akademiese-belangekomitee
Primarius Pieke-HK
1983:
Voorsitter Diakoniebestuur
Voorsitter TSSR
Voorsitter Prim-komitee
Primarius Pieke-HK
SSD-afgevaardigde

**BELEID:**
Graag wil ek tot beskikking en diens van my gemeenskap wees en stel my dus beskikbaar as kandidaat vir die Studenteraad.

Ek wil geen beloftes in 'n beleid stel wat nie bereikbaar is nie. Ek wil my taak as volg opsom:

Ek beywer my om net die beste te lewer tot diens van my Studente-unie.

Ek sien die SR as die administratiewe en uitvoerende liggaam van hierdie kampus. Dus stel ek myself tot diens om getrou by hierdie taak te hou.

Ek wil poog om so ver moontlik die Studente-unie te verteenwoordig en nie myself in die sentrum te plaas nie.

Ek wil put uit vorige ondervinding sonder om te sê dat ek die beste persoon vir hierdie taak is.

In alles alleen met die Krag Hulp en Genade van my Hemelse Vader and alleen tot Sy eer te handel.

## Chris Jones

**VOORSTELLER:**
E.W. Vos

**SEKONDANTE:**
Annami Oosthuysen, Bekker Nieuwoudt, Nicholas G. Myburgh, Braam Hanekom en Cora Gerber.

**ONDERVINDING:**
1979:
ASVS-bestuur
KJA-kringleier
1980:
HK-lid Dagbreek
ASVS-bestuur
KJA-kringleier
1981:
Onder-primarius Dagbreek
Ondervoorsitter ASVS
SSD-afgevaardigde



1982:
Primarius Dagbreek
Sekretaris Prim-komitee
SR-lid
SSD-afgevaardigde

**BELEID:**
Die SR se primêre taak is dienslewering aan die studente. Dit kan bereik word deur doeltreffende administrasie en die volle ontginning van die potensiaal van elke portefeulje in die SR.

Die SR het ook 'n definitiewe leidinggewende rol om te vervul. Hy moet as verteenwoordiger van die Studente-unie op verantwoordelike wyse leiding neem t.o.v. sy huishoudelik aangeleenthede sodat hy 'n navolgenswaardige voorbeeld kan wees.

Ook is effektiewe skakeling met ander kampusse belangrik om sodoende wedersydse begrip te verseker. In die opsig sal ek ook van die nuutgestigde Suid-Afrikaanse Studenteforum 'n sukses probeer maak in soverre ek kan.

Indien ek weer verkies word, sal ek my hiervoor beywer.

## Vonnie Mostert

**ONDERVINDING:**
1979:
KJA-kringleier
KJA-aksieleier
Kraaie
1980:
KJA-kringleier
Kraaie
1981:
HK-lid Wilgenhof
TSSR-sportkomitee
KJA-kringleier
Kraaie
1982:
Onder-primarius — Wilgenhof
Kraaie
1983:
HK-lid — Wilgenhof
HK-lid Wilgenhof
SP-lid Wilgenhof
Wilgenhof-Reüniekomitee



**BELEID:**
Die primêre funksie van die Studenteraad kan as dienslewering omskryf word. Hierdie dienslewering kom hoofsaaklik op twee maniere tot uiting: In die eerste plek is dit uitvoerend van aard. Hiermee word bedoel dat die Studenteraad die behoeftes, probleme en voorkeure van die Studente-unie, soos deur die Studenteparlement geïdentifiseer en aan die Studenteraad opgedra, tot uitvoering moet bring.

Tweedens is die Studenteraad die liggaam wat die Studente-unie verteenwoordig o.a. by die universiteitsowerhede en op inter-universitêre vlak. Hierby is dit belangrik dat die Studenteraad nog gesien, nog gebruik mag word as 'n politieke forum. Veel eerder moet dit binne die Studenteparlement 'n posisie-we en rigtinggewende bydrae lewer tot 'n politieke debat wat verantwoord is en gegrond is op 'n nie-party-politieke basis.

Die sukses van die Studenteraad sal ek dus beskou as afhanklik van deeglike administrasie, verantwoordelike standpuntinname en 'n geloof in die potensiaal van die studentegemeenskap om die geleenthede wat hulle gebied word, maksimaal te benut.

Sou ek tot Studenteraadslid verkies word, sal ek onderneem om bogenoemde uitdagings met eerlikheid en geesdrif aan te pak. In hierdie taak erken ek my algehele afhanklikheid van die krag van God.

## Nicholas Myburgh



**VOORSTELLER:**
Annami Oosthuysen

**SEKONDANTE:**
Philip Meyer, Panayiotis Stais, Lizbe Vos, Derick de Villiers, Vonnie Mostert en Cora Gerber.

**Onthou die SIRKUS**

**ONDERVINDING:**
1981:
Wenner: Eerstejaarsredenaarskompetisie
Lid van Libertas Debatspan — wen Interkoshuis Debatskompetisie
Onder-voorsitter, NP-Studentetak
1981/82:
ASVS-bestuur
US-debatsbestuur
Voorsitter Libertas-Juniorbestuur
Voorsitter Junior-Breëbestuur
Sekretaris Junior-Rapportryerskorps
Voorsitter NP-Studentetakke
1982/83:
HK-lid Libertas
Studenteparlement Libertas
Lid van Kommissie van Ondersoek na die ASB
Voorsitter NP-Studentetakke
Lid Kommissie van Ondersoek na die wenslikheid




van die voortbestaan van die JBB.

**BELEID:**
Dit is hiermee vir my 'n voorreg om myself verkiesbaar te stel vir die Studenteraad.

Indien ek tot die SR verkies word sal my optredes ten nouste verband hou met my geloof in en toewyding aan die volgende:

Ek glo in die Christendom as die enigste vaste basis vir 'n gebalanseerde bestaan.

Ek glo in die unieke vermoë van hierdie Universiteit en sy studentegemeenskap om voortdurend 'n krag van vernuwende denke in 'n veranderde samelewing te wees.

Ek glo daarin dat die Studenteraad sy pligte en verantwoordelikhede op 'n verbeeldingryke en innoverende wyse moet uitvoer en dat die fisiese lewensomstandighede en behoeftes van die Studente-unie voorrange moet geniet.

Ek glo dat die huidige verteenwoordigende stelsel op US een is wat besondere potensiaal inhou, maar dat dit ook 'n stelsel is wat ruimte bied vir verbetering.

Ek glo in die leerstuk van audi alteram partem en in die gelyke behandeling van mense, ongeag hul ras, kleur, geslag of kultuur.

Ek glo in die nastrewing van goeie menseverhoudinge en in die noodsaaklikheid van samewerking tussen alle belangegroepe in 'n gegewe situasie sover as wat dit moontlik is.

## Werner Obermeyer

**VOORSTELLER:**
H. Niemand

**SEKONDANTE:**
F.J. Pretorius, G. Haynes, F. Smit, J. Kok, C.R. van der Merwe en J.F. du Preez

**ONDERVINDING:**
1982:
Voorsitter Aurora Junior Breëbestuur
Aurora Stembuskonvenor vir SP-verkiesing
Aurora Sportkomitee
1983:
Primarius Aurora Huiskomitee
Sekretaris PSO Oorkoepelend
SP-lid Aurora

**BELEID:**
Die huidige stelsel van verteenwoordiging van die Studente-unie verskil heelwat van die ou stelsel waar die studente self die SR verkies het. Ek meen egter dat elke student deur middel van sy SP-lede sy koshuis se opinies kan oordra aan die SR. Uiteraard sal slegs studentedeelname die SP kan help om die SR op sy tone te hou. Op hierdie wyse kan daar verseker word dat die SR nie ver buite bereik van die studentemassa hul eie gang kan gaan nie, maar dat hulle voortdurend verantwoording moet doen aan die SP. Deelname is nie net belangrik vir SP-lede van koshuise nie, maar ook vir Stellenbosch. Hierdie Universiteit geniet landswyd



aansien en daarom sou ek graag 'n meer verenigde Stellenbosch wil sien waar die SR en die studentemassa nie ver verwyderd van mekaar is nie. Ek stel myself dus verkiesbaar om my ondervinding, en spesifiek die afgelope jaar op die SP, te gebruik in belang van die Universiteit en my mede-studente.

**Jou stem is belangrik**

## Annami Oosthuysen

**VOORSTELLER:**
Anneke Oosthuysen

**SEKONDANTE:**
P. Stais, K.M. Strydom, Cora Gerber, Cecil Murray, Herman Marais en Nicholas Myburgh

**ONDERVINDING:**
1980:
Rotariër Uitruilstudent na VSA
1981:
Eerstejaarskomitee Nerina
Aktuele Redakteur, *Die*



*Matie*
Redaksie Senorina
1982:
HK-lid Nerina
Redakteur SP/SR, *Die Stellenbosse Student*
Nuusredakteur, *Die Matie*
1982/83:
SP-lid, Nerina
SAAK-bestuur
1983:
Onderprimaria, Nerina
Lid van Kommissie van Ondersoek na Stellenbosch se moontlike reaffiliasie tot die ASB.
Publikasiekomitee van die SR

**BELEID:**
In belang van die Studente-unie is dit nodig dat SP- en SR-lede krities na die huidige verteenwoordigingstelsel kyk. Sekere probleemareas verg aandag. Ek steun enige behoeftebepalings en pogings om oplossings vir die situasie te vind.

As SR-lid sal ek my aktief beywer vir groter deelname van damestudente by kampusaangeleenthede. Die Studenteraad bied 'n struktuur om dames van hulself bewus te maak, asook van hul rol in die breër samelewing en binne gesinsverband.

Ek glo die SP behoort SP- en SR-lede meer aan konstruktiewe en krities-ondersoekende debatvoering deel te neem. Ek steun die gedagte van 'n nuwe nasionale studenteforum wat 'n sinvolle bydra tot versoening in Suid-Afrika kan lewer.

'n SR-lid behoort nie bloot 'n administrateur te wees nie, maar moet sy/haar portefeulje tot voordeel van die Studente-unie uitbou. Daarom glo ek dat die SR ook 'n opvoedkundige rol het — ons staan tog almal binne 'n groter studenteleerskool. Graag dien ek u hierin.



## Anneke H. Oosthuysen

**VOORSTELLER:**
Karin Strydom

**SEKONDANTE:**
Cecil Murray, Cora Gerber, Nicholas Myburgh, Hendrik Verwoerd, C.F. Sieberhagen en Annami Oosthuysen.

**ONDERVINDING:**
1980:
Debutante
1981:
Voorsitter Harmonie Juniorkomitee
Lid Junior Breëbestuur
Sekretaresse Referendum Stembuskomitee
NP Koshuisverteenwoordiger
Debutante
1982:
Huiskomiteelid, Harmonie
SR-lid, Huis de Villiers
Lid Grondwet- en Reglementekomitee
1982:
NP-koshuisverteenwoordiger
Afgevaardigde YLF (Youth Leadership Forum)
1983:
SP-lid, Harmonie
Lid Grondwet- en Reglementekomitee
Lid Stellenbosse Politieke Ondersoek en Gesprekskomitee (SPOG)
NP-takbestuur
1984:
SP-lid, Harmonie

**BELEID:**
Hiermee stel ek my beskikbaar vir die SR om die belange van die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.

Die SR is 'n administratiewe en uitvoerende liggaam maar moet ook deur verantwoordelike standpuntinname 'n leidinggewende rol op die kampus vervul.

Ek sal my graag beywer vir die ontwikkeling van studenteleierskap en die effektiewe verteenwoordiging van alle lede van die Studente-unie verder uitbou.

Ek het vertroue in die samewerkingspotensiaal van alle Suid-Afrikaners en sal graag sinvolle kommunikasie op kulturele en politieke gebied help bevorder.

Ek glo dat ek tot alles in staat is deur Christus wat my krag gee.

## Helmut Pool

**VOORSTELLER:**
Lisbé Vos

**SEKONDANTE:**
Herman Marais, Braam

# ...Kandidate... Kandidate...

# ...Kandidate... Kandidate...

Hanekom, Eddie Albertyn, A.H. Oosthuysen, Charl Fourie, Hendrik Verwoerd.

**ONDERVINDING:**
1981:
Tesourier HSV
1982:
Tesourier ASVS
Tesourier HSV
Lid Intervarsitykomitee
1983:
Tesourier Intervarsitykomitee
Tesourier HSV
Lid Karnavalkomitee
HK-lid Eendrag
Toerleier HSV-konserttoer



**BELEID:**
Ek stel myself beskikbaar vir die SR, sodat ek daardeur 'n diens kan lewer aan die Studente-unie.

Ek glo dat die SR 'n sterk administratiewe rol te vervul het in die huidige SP/SR-stelsel. Om hierdie administratiewe funksie deur te voer, glo ek in deeglike beplanning, doeltreffende deurvoering van die beplanning en effektiewe terugvoering aan die SP en daardeur aan die Studente-unie.

Onderliggend aan die administratiewe funksie, glo ek dat die SR, as die hoogste uitvoerende liggaam van die Studente-unie, ook 'n belangrike rol te speel het in goeie skakeling tussen Universiteitsowerhede en die SP en daardeur die Studente-unie.

Ek glo verder dat die SR ook 'n leidinggewende funksie het wat met die nodige verantwoordelikheid uitgevoer moet word, ten einde die Studentegemeenskap van Stellenbosch se belange te dien.

Indien ek dus verkies word, sal ek poog om op 'n verantwoordelike wyse dit wat ek hierbo genoem het, deur te voer.

## Johan Schoonraad

**VOORSTELLER:**
Marieke van der Walt

**SEKONDANTE:**
Cecil Murray, Annami Oosthuysen, Jaco Olivier en Phillip Verster

**ONDERVINDING:**
1981:
Gekoöpteerde lid van die Nasionale Party-bestuur, Helshoogte
1982:
KJA-kringleier
Juniorkomitee
Bestuurslid van die Eikestad-Studentetak van die NP
Lid van die *Van Helsdingen*-redaksie, Helshoogte
Lid van die Dans- en Dineekomitee, Helshoogte
1983:
Huiskomiteelid, Helshoogte



Lid van HK-Uitvoerende Komitee (Helshoogte)
SP-lid, Helshoogte
Onder-voorsitter van Eikestad-Studentetak van die NP
Lid van NP-skakelkomitee
Lid van Leierskapsontwikkelingskomitee

**BELEID:**
Aan die vooraand van die derde bestaansjaar van die SP is dit miskien nodig om die stelsel krities in oënskou te neem. Stellenbosch se unieke SP-stelsel hou myns insiens groot moontlikhede in t.o.v. 'n doeltreffende verteenwoordigende stelsel. Enige nuwe instelling moet groeipyne beleef en die SP-stelsel is tans geen uitsondering op hierdie reël nie. Ek is oortuig dat die sukses al dan nie van die huidige struktuur, in die SP-lede se hande is. Alles sal afhang van die entoesiasme en toegewydheid waarmee ons aan die bedrywighede van die SP sal deelneem. Ek sien die rol van die SR as administratief, sowel as leidinggewend van aard. Om die SR as 'n blote groep administratiewe klerke te bestempel, is myns insiens onrealisties. Die SR is steeds die verteenwoordigers van die Studente-unie. Die verantwoordelikhede wat op hul skouers rus, asook die implikasies van hul hantering van portefeuljes, maak die omvang van hul taak meer as slegs die van klerke.




Wat my politieke oortuigings betref, sien ek konstruktiewe verandering in Suid-Afrika as van kardinale belang. Daarom steun ek die huidige beweging weg van absolute blanke heerskappy in die politiek, hoewel ek nie die nuwe grondwetlike voorstelle as die finale oplossing vir Suid-Afrika sien nie. Ek sien uit na die dag wanneer alle groepe sinvol kan deelneem aan die besluitnemingsproses.

Stellenbosch stel hoë eise aan sy Studenteraad. Indien ek tot die SR verkies word, sal ek poog om die administratiewe- en leidinggewende verantwoordelikhede wat met die pos saamgaan, op 'n wyse uit te voer wat die amp waardig sal wees. Dit sal my uitgangspunt wees om alle relevante aangeleenthede objektief en ondersoekend te benader. Dit impliseer standpunt-inname oor aktuele kwessies op 'n deurdagte en beredeneerde grondslag. Laastens is dit ons almal se verantwoordelikheid om ons te beywer vir die uitbouing van die huidige SP-stelsel ter verbetering van die verhouding tussen die SR, SP en die Studente-unie.

## Ted Scott

**VOORSTELLER:**
Chris Jones

**SEKONDANTE:**
Eddie Albertyn, Hendrik Verwoerd, Herman Marais, Cecil Murray, Johan Rademan en Philip Meyer.

**ONDERVINDING:**
1980:
Kerkkoor-lid
US Blaasorkes-lid
Nuusredakteur, Radio Matie
1981:
Advertensiebestuurder, Radio Matie
SR-redakteur, *Stellenbosse Student*
Nuusredakteur, *Dinamiek*
Dirigent Eiffelkoor



Bestuurslid US-Blaasorkes
Kerkkoor-lid
1982:
Direkteur Finansies Radio Matie
Hoofbestuurslid Studente KJA
Hoofredakteur, *Dinamiek*
Redakteur, *Die Eiffel* (Wennersblad: Cape Times-trofee)
Sentrale Komiteelid Sangfees

**BELEID:**
Die Studenteraad het ingevolge die grondwet van die Studente-unie 'n tweeledige funksie. Enersyds vervul die Studenteraad 'n administratiewe rol as die uitvoerende liggaam van die Studenteparlement. Andersyds vervul die Studenteraad 'n verteenwoordigende rol ten opsigte van skakeling met die universiteitsowerheid, ander universiteite, en buite-instansies en -persone.

Indien ek verkies word tot die Studenteraad onderneem ek om beide hierdie funksies op 'n vindingryke en effektiewe wyse te vervul. Ek sal my spesifiek beywer om die rol wat Radio Matie op die kampus vervul verder uit te bou.

**Sien jou by die SIRKUS**




## Francois Sieberhagen

**VOORSTELLER:**
Frank Raymond

**SEKONDANTE:**
G.P. Davids, B.F. de Villiers, Hendrik Verwoerd, K.M. Strydom, A.H. Oosthuysen en Arnold Smit.



**ONDERVINDING:**
1978—1980:
UPE
1981:
BA-spes.
1982:
Ondersoek na Matiebaadjie
Matie-hokkie (derde span)
1982/83:
SP-lid
Verenigingskomitee
Kleure- en Erekleure-komitee
Konvenor — Kleure- en Erekleuredinee
K.J.A.-Barmhartigheidsaksie (ondervoorsitter)
Matie-hokkie (tweede span)
1983/84:
SP-lid

**BELEID:**
Die SR van die Universiteit van Stellenbosch het 'n uitvoerende en verteenwoordigende funksie. Binne die raamwerk van die nuwe verteenwoordigende stelsel het die SR gedurende die afgelope twee termyne geblyk al hoe meer suksesvol aan hierdie funksie uiting te gee.

Die SR is daar ter wille van dienslewering aan die studentegemeenskap. Indien ek tot die SR verkies word sal ek my in my portefeulje vir die ideaal van onbaatsugte diens beywer.

Ek glo dat skakeling met ander kampusse van die grootste belang is. In 'n tyd waarin soveel aktuele aangeleenthede op die politieke front en in die universiteitswese aan die orde van die dag is, is voortgesette en groter skakeling met ander kampusse 'n belangrike vereiste. Ek sou graag wou sien dat die SR van die 83/84-termyn homself hiervoor moet beywer.

In alles stel ek my afhanklik aan God vir sy krag en genade om die taak na die beste van my vermoë uit te voer.

## Karin Strydom

**VOORSTELLER:**
Chris Jones



**SEKONDANTE:**
Robert Kotze, A.H. Oosthuysen, J. Schoonraad, Annami Oosthuysen en N. Myburgh.

**ONDERVINDING:**
1981:
Huis De Villiers Eerstejaarkomitee
"VIVA" sosiale redaktrise
1982:
Sosiale redaktrise, *VIVA*
1982:
NP-wyksraadslid
USAT, Huis Div.
Subredaktrise, *VIVA*
Karnavalkomitee, Huis Div.
Kringleidster, Studente-KJA
Sangfeeskomitee, Huis Div.
1983:
HK-lid, Huis Div.
SP-lid, Huis Div.
Studente- en Akademiese Belangekomitee
Grondwet- en Reglementekomitee, gekoöpteer
Lid van SAAK
Redaktrise, *VIVA*




**BELEID:**
Hiermee verklaar ek my verkiesbaar tot die SR en beloof om, as u my volreg my taak na die beste van my vermoë, en onderharig aan die leiding van die skepper, uit te voer.

Ek sien die rol van 'n SR-lid as tweeledig van aard, nl. leidinggewend en administratief of uitvoerend. Formeel sorg die SR dat beleid gemaak deur die SP en opdragte opgedra aan die SR uitgevoer word. Verder hanteer die SR openbare betrekkinge asook skakeling met die universiteitsowerhede namens die studente van Stellenbosch.

Die SR-lid se leidinggewende rol kom veral sterk na vore in sy sg. "aktuele" rol, nl. daar waar hy 'n gesagsfeer het waarbinne hy optree — sy portefeuljekomitee. Hy vervul 'n baie belangrike rol deurdat hy as studenteleier 'n sterk invloed uitoefen, ook binne die SP.

In die volvoering van my taak, sal ek altyd daarna strewe om die naam van die Stellenbosse-student, veral die dame op die kampus, hoog te hou.

## Niël van der Merwe

**VOORSTELLER:**
Christo van Heerden

**SEKONDANTE:**
Eddie Albertyn, Lisbé Vos, Herman Marais en Arnold Smit.

**ONDERVINDING:**
1981:
Bestuurslid van die Admissiebond
Redaksielid, *Die Simonsberger.*
Redaksielid, *Die Dinamiek.*
Lid van Simonsbergse Tweedejaarskomitee.
ACSV-kringleier.
1982:
SP-lid, Simonsberg
HK-lid, Simonsberg
Mosiekomitee van die Studenteparlement
Ondervoorsitter van die Admissiebondbestuur



1983:
SP-lid, Simonsberg
HK-lid, Simonsberg (Sekretaris)
Bestuurskomitee van die Studenteparlement.
Verenigingskomitee.

**BELEID:**
'n Studenteraad se sukses hang af van deeglike administrasie en verantwoordelike leidinggewing. Verder is dit die vernaamste taak van die Studenteraad om die belange van die Studente-unie te behartig en voordele vir hulle te beding. Harde pligsgetroue werk en onbaatsugtige dienslewering sal dus van my as SR-lid gevra word. Ek verbind my graag hieraan.

Verder sal ek altyd poog om 'n verantwoordelike, deeglik beredeneerder en ewewigtige standpunt in te neem. Gesonde studentepolitiek kan slegs bedryf word as 'n mens sorg dat jou administrasie op 'n goeie grondslag is. Ek sal my dus beywer vir so 'n balans en dissipline in SR-werksaamhede. Die skoling van studenteleiers en hulle betrokkenheid binne die verenigingslewe is vir my belangrik en ek sal my daarvoor beywer.

Laastens sal ek probeer om geesdrif en motivering te put uit my verhouding met God wat alle raad en insig het.

# ...Kandidate... Kandidate...

# ...Kandidate... Kandidate...



## Le Roux van der Westhuizen

**VOORSTELLER:**
Vonnie Mostert

**SEKONDANTE:**
Frederick Marais, E.W. Vos, P. Stais, Arnold Smit, Braam Hanekom en Marieke van der Walt.

**ONDERVINDING:**

1981:
K.J.A.-Eerstejaarsverteenwoordiger van Wilgenhof
Uitgenooi na ASVS-eerstejaarsleierskamp
Woon SR-Leierskapsontwikkeling-seminaar by

1982:
Lid van die SR-Komitee vir Studente- en Akademiese Belange
K.J.A.-kringleier
Tesourier van K.J.A.-komitee vir Eerstejaarsbelange
Redaksielid van *Admissant Amusant*
Wilgenhof-besprekingsklubbestuur

1983:
Verteenwoordiger van die Departement Sosiologie op die Lettere en Wysbegeerte Fakulteitsvereniging
Lid van Uitvoerende Bestuur van die Sielkundevereniging
Studente-assistent by die Departement Sielkunde
K.J.A.-bestuur
Kampleier van Eerstejaarskamp van K.J.A.
K.J.A.-kringleier
Wilgenhof Huiskomitee
SP-lid vir Wilgenhof

**BELEID:**

Elkeen van die ongeveer 12 000 persone wat elke jaar aan ons universiteit kom studeer, besit sy/haar eie unieke leefwêreld, eie verwagtings, bekwaamhede en behoeftes. Tog moet hierdie totale studentemassa saam georganiseer word om op administratiewe vlak as 'n geïntegreerde eenheid op te tree ter bevordering van hulle eie hoogste belange op sosiale, maatskaplike en akademiese gebied.

In ons bestaande stelsel van studenteverteenwoordiging dien die Studenteraad as hoogste uitvoerende liggaam van die Studente-unie. Die Studenteraad ontvang sy opdragte via die Studenteparlement van die Studente-unie, en is weer op dieselfde wyse verantwoording verskuldig vir sy optrede. Die SR moet hom beywer vir maksimum betrokkenheid van die Studente-unie by hierdie kampusstrukture. Ook op sy eie kampus moet die SR 'n ambassadeursrol vertolk om die beeld van die verteenwoordigende strukture wat hy beliggaam te bevorder.

Die SR lewer 'n uiteenlopende verskeidenheid van dienste aan die Studente-unie. Veral as die voorsitter van die verskillende portefeulje-komitees moet die SR-lede toesien dat daar d.m.v. vaartbelynde en funksionele metodes omgesien word na die belange van elke student. Die studente het die reg om aanspraak te maak op deeglike beplanning en onberispelike administrasie van die SR in al die dienste wat gelewer word. Die SR-lid stel hom onvoorwaardelik tot beskikking van die studentegemeenskap.

Op 'n ander vlak verteenwoordig die SR die Studente-unie in sy gesprek met die universiteitsowerhede. Die SR behartig ook die openbare betrekkinge met ander instansies namens die Studente-unie. Dit is belangrik dat die nuut verkose SR hom verbind tot die totstandkoming van 'n breë inter-universitêre gespreksforum.

Die SR mag homself nooit verhef bo gewone studente-aangeleenthede nie, maar moet sy plek in die sentrum daarvan volkome volstaan. Deur 'n gebalanseerde standpunt te handhaaf moet die SR vrye diskussie oor probleemaspekte op die kampus aanmoedig, maar tog ook bereid wees om daadwerklik leiding te gee as dit vereis word.

Hiermee verbind ek myself tot bogenoemde uitgangspunte t.o.v. die verantwoordelikhede van 'n SR-lid, en as ek verkies word, sal ek my beywer om na die beste van my vermoë daaraan beslag te gee.

## Christo van Heerden



**VOORSTELLER:**
Niël van der Merwe

**SEKONDANTE:**
Lisbé Vos, I. de Villiers, Arnold Smit, Braam Hanekom, Cora Gerber en J. Punt.

**ONDERVINDING:**

1979:
Eerstejaarsleier — Hombré
ACSV-kringleier
Koshuiskarnavalkomitee

1980:
Tweedejaarsleier — Hombré
Junior Breëbestuurvoorsitter
Mabré Rugbyklub — Uitvoerende Komitee
ACSV-kringleier
Sentrale Stembuskomitee
Koshuiskarnavalkomitee
SP-lid (ou bedeling)

1981:
ACSV-Aksieleier
Admissiebondbestuur (ondervoorsitter)
Koshuiskarnavalkomitee
Sentrale Stembuskomitee

1982:
Primarius, Hombré
SP-lid
Bestuurskomitee — Studenteparlement

1983:
SR-lid
Verenigingskomiteevoorsitter
Publikasiekomitee-ondervoorsitter
Afgevaardigde na SSD-kamp
Primarius, Hombré
Konvenor van die Prim Adhoc-komitee van ondersoek na Karnaval

**BELEID:**

Die SR het in die huidige stelsel grootlike 'n uitvoerende funksie. Dit behels o.a. die uitvoer van opdragte wat aan hom toegewys is deur die SP en die uitvoering van sy administratiewe pligte soos vervat in die reglemente van die SR. Die uitvoering van bg. pligte vereis volgehoue toewyding en harde werk.

Die huidige stelsel het die beleidmakende funksie oorgeplaas in die hande van die SP. Daaruit het een van die groot winspunte van die huidige stelsel gevloei, nl. dat die SR-aktiwiteite grootliks gedepolitiseer is. Daaruit het groter administratiewe sukses en eenheid op die SR ontstaan. Vir 'n suksesvolle termyn is dit noodsaaklik dat bg. altyd in gedagte gehou moet word.

Die verteenwoordigende funksie behoort nie probleme te skep nie indien die SR sorg dat hy op hoogte bly met die behoeftes van die Studente-unie. Daarvoor bied die SP-stelsel uitstekende kanale, dit moet net reg benut word. Daar kan egter ook van ander kanale gebruik gemaak word. Administrasie heg baie waarde aan SR-versoeke. Die SP kan dit een van hul doelwitte vir die nuwe termyn maak om alle redelike versoeke te verwerk in realistiese aanbevelings.

As Christen erken ek my diepe afhanklikheid voor God en sal ek dit altyd voorop stel in die uitvoering van my pligte.

## Lisbé Vos

**VOORSTELLER:**
Chris Jones

**SEKONDANTE:**
N.G. Myburgh, Hendrik Verwoerd, Johan Rademan, Nicolene Gerber, Eddie Albertyn en Sonja Badenhorst.

**ONDERVINDING:**

1981:
Junior Breëbestuur
Lydia Sportkomitee
Sielkunde-vereniging

1982:
Lydia Huiskomitee
Koshuissportverteenwoordiger by DSOV
Sielkunde-vereniging

1983:
SP-lid
Sekretaresse LSS-komitee
Onder-voorsitster Sielkunde-vereniging
Raadgeefster Lydia
Tesourier Damesbelangekomitee
Lydia Sportkomitee

**BELEID:**

Aangesien die SP die beleidmakende liggaam van die Studente-unie is, het die SR as verkose uitvoerende liggaam 'n belangrike funksie t.o.v. die uitvoering van beleid. Gesien in die lig hiervan sal ek poog om op effektiewe en verantwoordelike wyse 'n positiewe bydrae tot die uitvoering van SP-beleid te maak.



Die SR het egter ook 'n verantwoordelikheid teenoor die SU om die beeld van die universiteit na buite uit te dra en dit kan slegs effektief geskied as objektiwiteit en realisme deurentyd nagestreef word.




## Nico Wilkens

**VOORSTELLER:**
Eddie Albertyn

**SEKONDANTE:**
Chris van Zyl, Inus Marais, Charl Fourie, Karin Strydom en Hendrik Verwoerd

**ONDERVINDING:**

1981:
HSV-Voorsitter

1982:
HSV-Voorsitter
Kerkraad (Diaken)
Intervarsity-komiteelid

1983:
HSV-Voorsitter
Kerkraad (Diaken)
Intervarsity-komitee (konvenor)



SP-lid, Eendrag
HK-lid, Eendrag

**BELEID:**

Die Studenteraad is die uitvoerende liggaam van die SP en die Studente-unie. As uitvoerende liggaam het die SR sekere verpligtinge teenoor die SP en die SU.

Ek onderneem om, indien ek tot die SR verkies word, die take wat aan my opgelê word met ywer en entoesiasme aan te pak en deur te voer. Die SP kan as indikator van die SU se mening dien en daarom sal ek my in tye van verteenwoordiging laat lei deur die SP. My Christelike beginsels sal te alle tye as norm in besluitneming gebruik word.

Ek verklaar myself bereid om u met entoesiasme en harde werk te dien.

**ONTHOU: SIRKUS**

**Jóú deelname is belangrik! Kom vra vrae en toets die kandidate!**

## Aansoeke ingewag

AANSOEKE word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van Die Matie:
Nuusredakteur
Aktuele redakteur
Hoofverspreider
Verslaggewers (Sport, Nuus)
Verspreiders

Aansoeke kan gerig word aan: Die Voorsitter, Publikasiekomitee, SR-kantoor, LSS, Stellenbosch.

Die sluitingsdatum is 12h00 op 9 September 1983.

...Kandidate... Kandidate...